KLAAR MET SKOOL: MEER VRYHEID

Die koord en die kruiwa

Die verhaal word vertel van 'n befaamde koorddanser, Blondin, wat 'n lang staalkabel oor die Niagravalle gespan het. Terwyl die wind sterk gewaai het, het hy oor die koord geloop, gehardloop, en selfs gedans. Dit alles het hy gedoen sonder dat 'n veiligheidsnet vir sy beskerming gespan is. 'n Groot skare mense het verwonderd staan en toekyk. Hy het 'n kruiwa vol bakstene gelaai, en die skare verras deur sonder moeite van die een na die ander kant van die valle te loop.

Blondin het na die skare gedraai en gevra: “Hoeveel van julle glo dat ek 'n man in die kruiwa kan stoot tot aan die anderkant?” Almal het saamgestem dat hy dit wel sou kon doen en het hom toegejuig.

“Dan vra ek 'n vrywilliger om in die kruiwa te klim!”, het Blondin versoek. Die skare was skielik doodstil en dit was duidelik dat nie een gewillig sou wees om sy lewe so aan Blondin toe te vertrou nie.

In 'n sekere sin is dit wat nou van jou gevra word. Jy kan tussen die groot skare wat op die rand van die afgrond staan, bly en vir Blondin bewonder of jy kan dit waag om in sy kruiwa te klim. As jy bly staan, bly jy doodveilig en dalk doodgewoon. Klim jy in die kruiwa waag jy jou lewe in sy hande en wag daar dalk vir jou opwinding.

Wat gaan jy doen? Watter besluit gaan jy neem? Waar pas jou ouers in? Wat gaan jy met jou lewe maak? Sien jy kans vir die toekoms? Gaan jy jou vryheid gebruik? Dit is die soort vrae wat ons in hierdie hoofstuk gaan probeer beantwoord.

Wat is Vryheid?
Beteken dit dat jy kan doen net wat jy wil? Jy is klaar met skool. Jy kan self besluit of jy 'n jaar oorsee wil gaan en of jy dadelik wil begin werk. Jy kan self besluit of jy verder wil studeer en of jy die jaar by die huis gaan bly. Jy kan doen net wat jy wil.
Maar nee dis nie so maklik nie. By elkeen van hierdie besluite is daar 'n klomp faktore wat in ag geneem moet word. Kom ek noem net 'n paar. Om oorsee te gaan het jy ten minste genoeg geld nodig vir die vliegtuigkaartjie om daar te kom. As jy verder wil studeer moet jy darem die akademiese vermoëns hê om die kursus te slaag. Jy sou self nog 'n klomp faktore kan noem wat 'n rol speel in jou besluite.

	EK IS VRY OM DIE VOLGENDE DINGE TE KAN DOEN:	FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL:
1		
2		
3		
4		

Dit is dus nie so maklik om vryheid in woorde vas te vat nie. Dit is asof dit 'n mens gedurig wil ontwyk.

Ons sê maklik iemand is “vry soos die voëls”. Maar as jy 'n bietjie na die voëls se gewoontes kyk, sal jy gou agterkom dat hulle ook maar 'n besige lewe het. Hulle moet 'n nes bou, kos vir die kleintjies soek. Baie voëls maak beurte om in formasie die leiding te neem. Op 'n gegewe oomblik sal die leier terugval sodat 'n ander weer die leiding oorneem. Dit is ook bewys dat trekvoëls elke jaar weer na dieselfde plek toe terugkeer. Hulle word dus ook deur die natuur verplig om volgens sekere vaste patrone te lewe.

Mense soek al baie eeue na vryheid maar nie almal is bereid om die prys daarvoor te betaal nie. Baie tieners wil wegbreek van alle ouerlike gesag en sodoende vry wees. Studente wil vry wees en wil nie meer onder meerderes se dissipline val nie.

Ek meen ware vryheid bestaan daarin dat ek my binne 'n sekere klimaat of atmosfeer tuis voel. (Vergelyk dit met 'n vis wat in die water baie tuis is en daarbuite nie kan leef nie.) En hierdie ruimte of klimaat moet jy vir jouself skep. Jy moet self daaraan bou. Die musikant vind sy vryheid in die beoefening van sy kuns maar dit kos harde werk om dit op standaard te hou. Die atleet vind homself in sy sport maar hy moet ure oefen om te presteer. Wat

is nou lekkerder as om tussen goeie maats te wees. Maar dit kos nogal harde werk om ook self 'n goeie maat te wees.

Ten slotte wil ek ook net sê: As 'n mens vry wil wees moet jy ook bereid wees om dieselfde vryheid vir jou medemens te gun. Ons het die verantwoordelikheid om ons eie te behou, sonder om dit van ander weg te neem.

Die ware, egte vryheid is egter net op een plek te vind in Christus Jesus wat ons van sondebande wil vry maak.

Vry om jou eie besluite te neem
Veronderstel jy word verplig om drie toekomstige besluite prys te gee. Watter drie van hierdie keuses sal jy prysgee?

• watter soort motor jy moet koop	
• met wie jy gaan trou	
• jou loopbaan	
• watter boeke om te lees	
• aan watter kerk jy sal behoort	
• watter universiteit of kollege jy sal bywoon	
• waar jy gaan woon	

Dis nie so maklik nie nê. Miskien is dit ook 'n onmoontlike keuse wat aan jou gestel is.

Maar dit sal darem baie help as jy die kuns kan aanleer om besluite te neem. Want daar is baie faktore wat jou besluitnemingsproses kan beïnvloed. Jou vriende se opinie en portuurgroepsdruk kan nogal 'n mens se besluite baie beïnvloed. Jou emosionele toestand kan 'n belangrike rol speel. Kom ons kyk so 'n bietjie na die kuns van goeie besluitneming:

- Besluit watter besluite jy in jou lewe self gaan neem en watter besluite ander mense maar vir jou kan neem.

HIERDIE BESLUITE NEEM EK SELF:	HIERDIE BESLUITE KAN ANDER VIR MY NEEM:

- Besluit watter soort mens jy wil wees:

PERSOONLIKE KWALITEITE WAT EK GRAAG WIL Hê
1
2
3
4

Dink byvoorbeeld aan watter soort vriend jy wil wees, watter soort Christelike eienskappe in jou lewe moet sigbaar wees.

As jy weet watter soort mens jy wil wees, hanteer jy die daaglikse emosionele en morele besluite met gemak. Voordat jy 'n besluit onder druk moet neem vra jy eers 'n paar vrae:

“Hoe sal ek môre oor myself voel?”
“Sal ek vir my respek hê as ek dit doen?”
“Watter prys sal ek moet betaal vir my keuse?”

- Ondersoek wat jy van waarde beskou.

Hier kom jou beginsels natuurlik ter sprake. Wees egter baie versigtig vir die volgende stellings wanneer jy moet besluit of iets reg of verkeerd is.

*'n Christen is vry. Ek kan doen wat ek wil.
*Almal maak so daarom mag ek ook.
*Wat ek doen, het niks met iemand anders te doen nie.
*Ek wil nie “uit” wees nie.

+ Kyk nou watter beginsels die Here in die Bybel gee vir wanneer jy moet besluit of iets reg of verkeerd is.
+ Probeer om langs elke beginsel die vraag te formuleer wat jy jouself sal moet afvra in elke bepaalde situasie.

BEGINSEL	VRAAG
Matt. 5:16 1 Kor. 10:31	
1 Kor. 6:12 1 Kor. 10:23	
Rom. 14:13 1 Kor. 10:24	

- Ondersoek alle moontlike gevolge.

Wat doen jy wanneer jy voor 'n besluit te staan kom waar die opsies ewe aantreklik is?

Hier is 'n heel praktiese manier om die verskillende moontlikhede teen mekaar op te weeg. Skryf elke opsie op 'n papier en trek op elke papier twee kolomme. In die een kolom skryf jy al die positiewe gevolge wat die opsie mag hê en in die ander kolom al die moontlike negatiewe gevolge. Gesels ook met mense wat jy vertrou oor die verskillende opsies. As jy daarmee klaar is, merk al die belangrikste moontlike gevolge van jou keuses. Op grond van al hierdie gegewens behoort jy makliker die besluite te neem.

Vry om 'n nuwe verhouding met jou ouers te begin

Dit is nie sonder rede dat die opskrif praat van 'n nuwe verhouding met jou ouers nie. As jy direk na matriek uit die huis uit gaan en dadelik begin werk of verder studeer sal jy gou agterkom dat jou verhouding met jou ouers baie verander. Wedersyds sal julle vir mekaar moet kans gee om by hierdie veranderde situasie aan te pas.

In die meeste gevalle ontdek jongmense baie gou dat dit lekker is om vir 'n naweek by die huis te wees en om lank met pa en ma te sit en gesels - heel anders as in die verlede dalk. Gebruik dus jou kanse as jy by die huis is om met jou pa en ma te praat oor jou keuses wat jy moet maak, finansies of dalk gebrek daaraan!, jou probleem met jou studies of die probleme met jou baas by die werk. Dis kosbare oomblikke en jou ouers sal dadelik weet dat hulle opinie nog vir jou belangrik is. Ons is dit aan hulle verskuldig om kontak met hulle te behou en om hulle by ons lewens in te sluit. Dit is ook nou 'n goeie tyd om jou waardering vir hulle uit te spreek, hulle raak ook ouer

en dalk kry jy nie later weer 'n kans nie. Sê vir hulle dankie vir die opvoeding wat jy gekry het, vir al die heerlike vakansies ensovoorts.

Miskien het jy ook in die huis op een of ander manier seergekry. Miskien voel jy dat hulle jou te na gekom het of veronreg het of dalk is jy op een of ander tyd deur een van jou gesinslede gemolesteer. Dis nie maklik om oor hierdie diep dinge openlik te gesels nie. Maar een of ander tyd sal julle daaroor moet praat. As dit vir jou makliker is kan jy dalk eers 'n lang brief vir hulle skryf en vir hulle sê waaroor jy graag met hulle sou wou praat. Maar praat sal daar gepraat moet word!

Gelukkig is dit nie net jy wat aanpassings sal moet maak nie. Jou ouers sal ook redelike groot skuiwe moet maak. Dalk het hulle tot nou toe baie besluite vir jou geneem en min aan jouself oorgelaat. Dit mag ook wees dat hulle net die belangrike besluite vir jou geneem het. Wat die situasie ookal mag wees hulle sal nou moet leer om meer besluite en later al die besluite aan jou oor te laat. Hulle sal moet besef dat jy nou besig is om op jou eie bene te begin staan en dat jy jou eie lewe moet lei. Jy sal vir hulle moet kans gee om aan hierdie veranderde situasie gewoond te raak en dit kan dalk 'n hele tydjie neem. Wees dus geduldig met hulle.

Onthou die lewe is net te kort om nie vir jou ouers om te gee nie.
Hier is nou 'n praktiese opdrag:

Maak 'n lysie van al die positiewe bydraes wat jou ouers in jou algemene ontwikkeling gelewer het.

OUERS SE BYDRAES IN MY LEWE	
1	
2	
3	

Maak ook 'n lysie van die probleme wat jy tot dusver in jou verhouding met jou ouers beleef het.

(Merk in die regterkantse ruimte af dié probleme waaraan jy iets kan doen.)

VERHOUDINGSPROBLEME MET OUERS	
1	
2	
3	

Neem nou een probleem area op 'n keer en probeer om een praktiese oplossing daarvoor uit te werk. Skryf in die regterkantste kolom die datum waarop jy aan die probleem wil begin werk.

PRAKTIESE OPLOSSINGS VIR PROBLEMATIESE VERHOUDING MET OUERS	DATUM
Probleem 1:	
Oplossing:	

Vry om in te skakel by gemeente of gemeenskapsaksies

* Hoe het jy by die rugby/netbal/hokkie betrokke geraak? My vriende het my gevra of dalk gedwing of die onderwyser het gesê ek moet kom.
* Hoe het jy by die VCSV betrokke geraak? Die onderwyser het gevra of ek nie 'n kringleier wil wees nie.
* Hoekom het jy na die kategeseskool van die kerk gegaan? My ouers het gesê ek moet gaan.
* Hoekom het jy aan die debat deelgeneem? Sodat dit eendag op my getuigskrif kan staan.

Nou hoop ek jy het darem iets gedoen wat jy graag self wou doen! Maar as jy nou na die bostaande antwoorde kyk sal jy gou oplet dat daar ander redes en mense as jyself was wat jou aan hierdie aktiwiteite laat deelneem het. Iewers het iemand moeite gedoen om vir jou te vra om aan 'n bepaalde aktiwiteit deel te neem.

Voortaan moet jy weet gaan daar baie minder druk van buite af op jou toegepas word om by buite-aktiwiteite betrokke te raak. Jy sal self by die rugby- of netbal- of tennisklub moet gaan inskakel. Jy sal self moet inskakel by 'n gemeente en aktief betrokke raak by die aktiwiteite en uitreike. Niemand gaan verder vir jou op 'n Sondagmôre wakkermaak en vra of jy nie wil kerk toe gaan nie. Nou sal jy self moet besluit wat jy wil doen, waar jy jou wil uitlewe en waarby jy betrokke wil raak.

Natuurlik kan jy ook self besluit as jy nie langer by hierdie of daardie aktiwiteit betrokke wil wees nie. Maar die belangrikste saak is dat jy nie nou iewers in 'n stil hoekie kan gaan sit en dalk in eensaamheid verval nie. Al jou skoolmaats het dalk hulle eie koers gekies en jy sal moet moeite doen om nuwe maats te maak wat jou waardes deel. Dit op sigself is sommer 'n lekker uitdaging!

Vry om sinvol te lewe

Alexander Solzhenitsyn het gesê:

Die sin van die lewe hang nie van voorspoed af nie. Dis opgesluit in 'n liefdevolle ontmoeting met ander en die manier waarop ons die lewe benader.

Die moderne mens sê maklik dat hy bedreig voel en dat die lewe eintlik maar net 'n gejaag na wind is. Die rede daarvoor is nie dat hy te min besit of te min te doene het nie inteendeel. Die rede is dat hy nie sin kan vind in die dinge waarmee hy hom besig hou nie.

Wat is die sin van die lewe?

Hennie Rossouw skryf daaroor in sy boek: *Die sin van die lewe.*

Hy sê elkeen wat die antwoord op hierdie vraag soek moet homself drie vrae afvra:
Waarom is ek hier?
Waarheen is ek oppad?
Wat is my doel hier op aarde? (Waartoe is ek hier?)

Elke mens wil weet dat hy om 'n spesifieke rede leef. Hierdie redes mag baie van mekaar verskil. Party mense se hele lewe bestaan net uit drie vrae:
Wat kry jy?
Waar bly jy?
Wat ry jy?

Hierdie mense meen hulle strewe na 'n lewensstandaard terwyl hulle eintlik materiële standaarde bedoel. Hulle hoogste doel is - en die vryemarkstelsel dwing dit op ons af - dat die ekonomiese groeikoers gehandhaaf moet word. Hierdie groeikoers kan op geen ander manier gehandhaaf word as dat mense al harder werk en al meer en meer produseer nie. En as 'n mens baie produseer kry jy meer geld en met meer geld kan jy meer bestee. En om meer te bestee moet jy 'n al groter deel van jou lewensenergie aan jou werk spandeer en waarskynlik al minder tyd aan hulle vir wie jy die liefste is.

Maar mense het ook ander behoeftes. Die ander waardes wat ook vir mense belangrik is soos diep vriendskappe, mooi verhoudings, egte kultuurbelewing, natuurgenot en egte godsdiens is slegte nuus vir die besigheidswêreld. Die suigkrag van die produserende wêreld raak so groot dat die waardes wat ons nou net genoem het, stadigaan by ons begin vervaag. Ons smaak vir bogenoemde geestesgoedere verdwyn byna heeltemal. En wat doen jy dan? Jy gebruik jou geld om duurder en beter besittings te koop. En daarmee meen jy en meen die wêreld, dat jy toeneem in status en waarde. Besittings word dan statussimbole.

Dit lyk dus vir my jy moet vroeg in jou lewe besluit wat is vir jou die heel belangrikste dinge. Is ek net hier vir my eie persoonlike voordeel en bevrediging of is ek ook hier om diens te lewer, om die behoeftes van my medemens raak te sien, om soms groot opofferings te maak sodat ander mense ook die sin van die lewe kan verstaan? En is dit nie juis hierdie soort lewenswyse wat sin in die lewe bring nie? Dit is hierdie soort van lewenswyse wat 'n mens nie altyd in die kollig laat beland nie, maar wat baie meer sinvol is en baie minder gekompliseerd. Dit is uit die aard van die saak ook 'n eenvoudiger manier van lewe. Dit het egter baie voordele. Een daarvan is dat jy jou persoonlikheid vrylik kan uitleef sonder om jou te veel te steur aan die onmoontlike druk wat die maatskappy soms op jou plaas.

As mens begin leer om meer in eenvoud te lewe, word dit al meer in jou gedrag sigbaar. Mense leer jou ken net soos jy is en opregtheid is vandag nogal 'n skaars deug.

Vry om die lewe te geniet
Onthou tog die lewe is nie 'n kleedrepetisie nie!

Ons sê baie keer as ek net eers in die hoërskool is of ai, as ek net eers klaar gestudeer is of as ek net eers my eie salaris verdien of as ek net eers afgetree is, dan gaan ek darem lekker leef. Maar dan is jou lewe amper verby …! Dan leef jy asof jy nou maar net met 'n kleedrepetisie besig is.

Dus leef noú voluit. Geniet elke oomblik van jou lewe. Geniet die paar dae skool wat jy dalk nog oor het. Geniet die geselsies met jou maats. Geniet die lewe saam met jou ouers. Drink elke dag diep uit die fontein van die lewe. Moenie altyd die betonoerwoud om jou raaksien nie maar sien die vygies raak wat in die tuin blom. Moenie so vaskyk teen die diefalarm en die veiligheidshekke van jou huis dat jy nooit die blou lug en die helder sterre wat daaragter lê raaksien nie.

En as jy na Bo kyk sê: Ek het hoop vir die toekoms. Langenhoven het gesê:

Ons Vader daar bo het sy hand op die rat en sy oog op die uiterste draai van die pad.

Maar kom dat ek vir jou 'n laaste geheim vertel: Ja, hierdie lewe is 'n kleedrepetisie! Dit is 'n kleedrepetisie van die vreugde en vrede wat eenmaal vir alle kinders van die Here in die hemel wag.

En daarom en juis daarom moet iets van hierdie vreugde en vrede nou al elke dag in jou lewe sigbaar wees.

Leef dus voluit en geniet dit!

BOEKE GERAADPLEEG

Cilliers, Carl (en andere): *Ek en Ander.*
Foth, Margaret: *Die lewe is te kort.*
Kitching, Deon (en andere): *Vlamvat idees!.*
Koen, Emarie: *Tienerlief en Tienerleed.*
Le Roux, Annemarie: *Bestaan jy of Leef jy?*
Müller, Mike: *Pa en sy tiener.*
Nicol, Willem: *Rykdom in Eenvoud.*
'n Redaksie: *Hoe om Goed te voel oor Jouself.*
'n Redaksie: *Bely en Lewe 1.*